

NG Gemeente Wesselsbron-Noord

VAKATURE: GEMEENTELERAAR

Gemeenteprofiel:

Wesselsbron-Noord Gemeente is 'n plattelandse gemeente, wat afgestig is van Wesselsbron gemeente in 1962. Dit is geleë in die Noordwes-Vrystaat; sowat 150 km vanaf Bloemfontein, 50 km vanaf Welkom en 66 km vanaf Bothaville. Wesselsbron is 'n sterk landbou-gerigte gemeenskap met mielieverbouing as die belangrikste deel van die boerdery. Die gemeente is 'n sterk getuienis-gerigte gemeente, wat ook opreg omgee vir die jeug. Saam met die kategeese het ons ook 'n goed gevestigde kinder- en kleuterkerk met toegewyde leidsters. Die vrouelidmate funksioneer ook baie effektief en is baie betrokke by al die gemeente-aangeleenthede. Die gemeente bestaan huidig uit sowat 248 belydende- en 104 dooplidmate in 8 plaaswyke en 9 dorpswyke met een leraarspos. Daar is ook 'n gedeelte van Silwerbron Sentrum vir Bejaardes se lidmate wat hier inskakel. Die plaaslike skool, Hoërskool Sandveld, bied van graad R tot matriek aan met Afrikaans as medium van onderrig. Die skool het 'n baie goeie akademiese rekord. Daar is ook 'n skoolkoshuis binne die gemeentegrense. Danksy die genade van ons Here, gaan dit goed in die gemeente van Wesselsbron-Noord en ons kan getuig van die Here se oorvloedige seën

- ❖ **Pligte:** Soos omskryf in die Kerkorde van 2013 Artikel 9, met die byvoeging van sistematiese huisbesoek
- ❖ **Verdere aanbevelings:** Die Kerkraad soek na iemand met die gawe om lidmate deur middel van opleiding en toerusting op alle gemeentevlakke te bemagtig en wat 'n passie vir die jeug en getuienisbediening het. Die leraar moet verkieslik getroud wees.
- ❖ **Vergoeding:** Volgens Algemene Sinodale skaal. Ruim voorsiening word ook vir reiskoste, medies en ander toelaes gemaak. Daar is ook 'n ruim pastorie beskikbaar.
- ❖ **Moontlike kandidate:** Gelegitimeerdes binne die NG Kerk en ook finalejaar teologiese studente
- ❖ **Aansoeke:** Van alle aansoekers word vereis om **die toepaslike vraelys volledig te voltooi** en saam met die aansoek in te dien. 'n CV word nie verwag nie, maar kan wel addisioneel aangeheg word. Die toepaslike vraelys kan aangevra word by die ondergenoemde persone of by die skriba (ngkwn@btbits.co.za)
- ❖ **Sluitingsdatum:** 5 Desember 2014
- ❖ **Indien van aansoeke:** Aansoekers moet hulle aansoek en voltooië vraelys **verkieslik per e-pos** aan die volgende adres stuur: whvanzyl@telehost.co.za of pos na: Die Voorsitter, Pre-Advieskommissie, Posbus 254, WESSELSBRON, 9680.
- ❖ **Diansaanvaarding:** So gou as moontlik in die tweede kwartaal van 2015
- ❖ **Navrae:**
 - * Die Voorsitter van die Pre-Advieskommissie: Oudl WH van Zyl – 057 899 1277; selnr: 083 269 5330 of whvanzyl@telehost.co.za
 - * Die Konsulent: Ds. Jacques Louw – 053 444 1021; selnr: 082 487 7061 of jacques.louw@absamail.co.za